NOORDWES SKOLE SKUTTERS UNIE (NWSSU)

Inligtings dokument

INHOUDSOPGAWE **Bladsy**

Voorwoord	01
Ontmoet NWSSU, Skole, Bestuur en skoolverteenwoordigers	02
Luggeweerskiet – Ons sport in kort	03
Klasse en tipe wapens	03
Aanbevole wapens	03
Ammunisie	04
Toerustig benodig deur skut	04
Kleredrag van ’n skut	05
Ouderdomsgroepe	05
Spanne	05
Eienskappe van ’n goeie skut	06
Affiliasie	06
Pistool O/12 assistent ouer en affiliasie	06
Kompetisiefooie	07
Die skietbaan	07
Skietkompetisie	08
Versorging van wapens	09
Oefeninge	09
Noordwes – Liga’s	09
Prestasie Erkenning	10
Noordwes - Proewe	11
Kwalifisering vir Noordwes-kleure	11
Aankondiging van Noordwes-spanne	12
Spanbestuur na SA’s	12
Baanoffisier	14
Jurie	14
Dissipline, Tugverhoor en Verbode middels	15
Nasionale proewe vir kies van SANSSU-span	15
Nasionale Posliga	16
Algemene Jaarvergadering en Bestuursverkiesing	16
Datums – Jaarprogram	16
Noordwes Bankbesonderhede	17
Veiligheidsaspekte	17
Prosedure by ’n Finaal	18
Snoepie tydens kompetisies	18
Verbode items	18
Rekords	18
Ererol	19
Afrigters	20
Spanbestuurders	20
SANSSU UK	20

WELKOM BY NOORDWES SKOLE SKUTTERS UNIE (NWSSU)

Baie welkom by NWSSU vir 2025

In 2024 keer ons terug van ’n suksesvolle SA Kampioenskappe met ses van ons skuts wat eindig onder die top 80 van Suid Afrika en ’n klompie medaljes en rekords wat ons huis toe kon bring. Dit was ’n besondere SA’s met die meeste prestasies behaal in ’n lang tyd. Baie dankie aan elke afrigter en ouer wat so getrou u skuts ondersteun het in 2024.

Ons is ook dankbaar vir die wonderlike geleentheid wat ons gehad het om in 2024 by Lekwena Wildlewe Landgoed en Hoërskool Fochville ons liga kompetisies te kon skiet. Baie dankie dat vir al die reëlings en harde werk wat hiervoor ingegaan het.

Vir 2025 is die liga datums in hierdie dokument vervat en u sal merk dat ons weer hierdie jaar die kompetisies deel tussen Fochville en Potchefstroom. Ons wil weereens versoek dat die skuts soveel moontlik kompetisies skiet om hulle kanse om genooi te word vir die Noordwes proewe tot die maksimum te benut.
Vergewis uself asseblief deeglik met die seleksie kriteria soos uiteengesit in hierdie dokument op bl. 11 ***“Skuts kwalifiseer vir NOORDWES – KLEURE volgens punte-totale”.***

Ek wil u elkeen sterk aanmoedig om hierdie jaar deel te neem aan die NG Ope oor die winter vakansie. Dit is, na my mening, sekerlik die beste voorbereiding vir u skuts om gewoond te raak aan 'n groot kompetisie soortgelyk aan die SA's. Dit bied ook die skut ’n baie goeie geleentheid om hul tellings te skiet vir uitnodiging na die Noordwes proewe. Onthou dat tydens hierdie kompetisie neem ons die beste telling van die twee 3P sessies en die beste telling van die twee pistool sessies wat geskiet word, jy kry basies twee kanse oor die naweek om jou beste te skiet!

Ons alternatiewe veerklas het baie mooi gegroei in 2024 en ons is trots op die prestasies wat hulle ook bereik het, met vele medaljes en selfs ook een van die skuts wat aangewys was as die beste skut in Suid Afrika tydens die WP posliga.
Die WP posliga is ’n verpligte kompetisie vir al ons alternatiewe vere.
Ons sien uit na ’n wonderlike 2025 saam met al ons alt-veer skuts.

Ek is hierdie jaar vele kere gekonfronteer met die bekende gesegde van die oud golf legende, Garry Player, en graag laat ek u met hierdie gedagte:
“The more I practice, the luckier I get!”

Sterkte vir 2025, mag dit ’n skietjaar vol prestasies wees vir elke skut.

Joggie Swanepoel
Voorsitter NWSSU

Inligtingsboekie 2025

Die Bestuur gee hiermee ’n bietjie agtergrond inligting rakende skole skyfskiet in Noordwesprovinse.

ONTMOET NOORDWES

Noordwes Skole Skutters Unie is die enigste amptelike skietliggaam slegs vir skoliere in Noordwes. Die moederliggaam is SANSSU (Suid Afrikaanse Nasionale Skole Skutters Unie) en beheer skoleskiet in Suid-Afrika. FEDSAS – Onderskryf ook die aanbeiding van die sportkode en is via die skole ge-affilieer

Facebook blad: Noordwes Skole Skyfskiet

Noordwes is een van 10 provinsiale liggame. Dit bedryf en beheer luggeweerskiet op skolevlak in die Noordwes. Bedryf deur onderwysers, afrigters, ouers en belangstellendes van die sport.

Skole wat tans deelneem aan skyfskiet:
Hoërskool Bekker
Hoërskool Ferdinand Postma
Hoërskool Fochville
Hoërskool Gimnasium Potchefstroom
Hoër Volkskool Potchefstroom
Laerskool Zeerust
Laerskool ML Fick

Die Bestuur
2024 – 2025

Voorsitter	Joggie Swanepoel
Ondervoorsitter	Charmaine du Toit
Sekretaresse	Charmaine du Toit
Tesourier	Gawie Janse van Rensburg
Tegniese Adviseur	Waldo van der Westhuizen
Statistikus	Charmaine du Toit
Wetlike en regs aspekte	Herman du Plooy

Bestuur word 2 jaarliks verkies.

Skool verteenwoordigers:

Hoërskool Fochville	Waldo van der Westhuizen
Hoërskool Gimnasium	Bettie Jacobs
Hoër Volkskool	Herman du Plooy
Hoërskool Ferdinand Postma	AJ van Niekerk
Hoërskool Bekker	Wilmé Steynberg
Laerskool Zeerust	Corné Harman
Laerskool ML Fick	Alta Swanepoel

LUGGEWEERSKIET – ONS SPORT IN KORT

Luggeweerskiet vind binneshuis plaas met verskillende tipes luggewere (windbukse). Ons skiet oor ‘n afstand van 10m in drie verskillende skiethoudings, naamlik: Lê, Staan en Kniel. Ons pistoolklas skiet ook oor ’n afstand van 10M ook in drie verskillende skiethoudings, naamlik: O/12 sittende posisie, O/14 staande met ondersteuning, O/16 en O/21 Vryhand staan.

KLASSE EN TIPE WAPENS

SPORTERKLAS:

- Skiet met saamgeperste lug (gassilinder).
- Spesifieke skyfskietgewere word gebruik met verstelbare skouer en wangstukke.
- Maksimum trompsnelheid - 820ft/sek.
- Grendel/slot meganisme
- Gaatjie visiere met veranderbare voorste gaatjie-groottes word gebruik.
- Geweerband en verhogingsblokkie. (sien skietreëls)

Aanbevole wapen tipes in die sporterklas

- MPR S400
- CZ T200

VEER KLAS:

- Enige tipe/maak veergeweer/nekbreker word gebruik, soos in die handel beskikbaar.
- Maksimum trompsnelheid toegelaat – 820ft/sek.
- Gaatjie-visiere word gebruik (pennetjie-visiere ook, maar nie hoë akkuraatheid nie)
- Goedkoper

VEER KLAS – Gaatjie-visier

- Skuts skiet met dieselfde wapen as ander skuts.
- Gaatjie visier met verstelbare voorste gaatjie-groottes word gebruik.
- Skut mag gebruik maak van geweerband en verhogingsblokkie. (sien skietreëls)

Aanbevole wapen tipes in die veer klas

- Weihrauch HW30, HW30(S)
- BSA Meteor
- Gammo CFX, Shadow 640, Delta
- Hatsan

ALTERNATIEWE VEER KLAS – v-visier

Klasse:
Klas 1 –
2 x lê met ondersteuning (2 kaarte en 1 proef)
Klas 2 –
2 x lê geen ondersteuning (2 kaarte en 1 proef)
Klas 3 –
2 x lê geen ondersteuning, 2 x staan ondersteuning, 2 x kniel ondersteuning (6 kaarte en 3 proef)
Klas 4 –
2 x lê geen ondersteuning, 2 x staan geen ondersteuning, 2 x kniel geen ondersteuning (6 kaarte en 3 proef) Lê kaart = 5 skote per kaart vir 2 kaarte Kniel kaart = 5 skote per kaart vir 2 kaarte Staan kaart = 5 skote per kaart vir 2 kaarte

PPP PISTOOLKLAS:

- Pistool werk met saamgeperste lug en groot teikens word gebruik

Aanbevole wapen tipes in die pistoolklas

- Weihrauch
- Zuraki HP01 Ultra
- Baikal
- Air Arms Alpha
- Victor
- Steyr LP10

AMMUNISIE:

- Platpunt ammunisie
- Verskeie make ammunisie is beskikbaar, eie keuses kan gemaak word van waarmee die skut wil skiet.
- Ons skiet hoofsaaklik met die volgende ammunisie:
  RWS R10 Geweer
  RWS R10 Pistool
  Gecko
  Air Arms
  H & N
- GEEN lood vrye patrone word toegelaat nie.
- Duurder nie noodwendig altyd beter nie.

TOERUSTING WAT BENODIG WORD DEUR DIE SKUT:

- Geweer met visier
- Geweertas
- Koppelstuk vir gas hervulling
- Veiligheidskoord (weedeater lyn)
- Affiliasie kaartjie

- Maskeerband
- Pen
- Nota boekie
- Ammunisie
- Oorpluisies – is nou verpligtend
- Oog beskerm – word sterk aanbeveel
- Geweerband met handstop
- Verhogingsblokkie vir CZ T200 geweer
- Toerustingsak (verkieslik met wieletjies)
- Skietmat
- Knielrol
- Driepootstaander vir teleskoop
- Teleskoop – verkieslik met ‘n 45* oogstuk
- Driepootstaander vir geweer
- Handskoen

KLEREDRAG VAN ’N SKUT:

- Sport tekkies (plat en sole moet buigbaar wees, mag nie hoër as enkel wees nie)
- Denimbroek, moet lospassend wees (Blou kleurig, nie geskeur, gevlek of gebleik).
- Stretch denimbroeke word ook toegelaat maar moet ook lospassend wees
- Skiethemp met kraag en epoulette (NW goedgekeurde hemp)
- Lospassende t-hemp sonder ’n kraag onder die skiethemp (rooi langmou t-hemp)
- GEEN “second skin” hemde nie
- Mag met bril skiet. (indien brildraer)
- Tydens kompetisies moet ‘n skut sy/haar hoogste SANSSU-klere verwerf, dra.

Sien SANSSU skietreëls vir fynere besonderhede.

OUDERDOMSGROEPE:

Sporterklas - O/14
O/16
O/21

Spanne

- Skuts neem individueel deel.
- Elkeen werk vir homself.
- Tydens SA’s word skuts as individue SOWEL AS in spanverband ingeskryf.
- Span bestaan uit 4 skuts/ouderdomsgroep.

PPP Pistool - O/12 (Sit met ondersteuning)
O/14 (Staan met ondersteuning)
O/16 (Vrystaande)
O/21 (Vrystaande)

Spanne

- Skuts neem individueel deel.
- Elkeen werk vir homself.
- Tydens SA's word skuts as individue SOWEL AS in spanverband ingeskryf.
- Span bestaan uit 3 skuts/ouderdomsgroep.

Alternatiewe veerklas – v-visier

Ouderdom Groepe:
Klas 1 = O/8 en O/9
Klas 2 = O/10
Klas 3 = O/11 en O/12
Klas 4 = O/13

EIENSKAPPE VAN 'N GOEIE SKUT:

- Gedissiplineerd
- Intelligent
- Kalm en rustig van geaardheid
- Doelgerig en vasberade
- Georganiseerd
- Konsentrasievermoë
- Gehoorsaam
- Stiptelik
- Kan onafhanklik werk
- Selfgemotiveerd

AFFILIASIE:

- Alle beamptes en skuts moet geaffilieer wees.
- Affilieer by provinsie (NWSSU) en by SANSSU (Moederliggaam).
- Bedrag word jaarliks vasgestel by die AJV.
- Betaal op vasgestelde datum aan die begin van elke jaar.
- 2025 = R670.00 per skut. (Sporter, Pistool).
- 2025 = R310.00 per skut (Alternatiewe veerklas).
- 2025 = R325.00 per afrigter.
- 2025 = R670.00 per skool
- Voordele van affiliasie vir afrigters:
  Mag verkies word tot die Raad.
  Word beskerm deur SANSSU ingeval van besering/insident/ongeluk.
  Mag behulpsaam wees/optree as Hulp/beampte by wedstryde en SA's.
- SLEGS geaffilieerde lede sal op 'n skietbaan toegelaat word

- **Pistool O/12 skuts en assistent ouers:**
  - Alle O/12 Pistoolskuts moet 'n assistent persoon hê wat langs hulle sit.
  - Verkieslik moet hierdie'n ouer van die O/12 skut wees.
  - Hierdie ouer moet vanaf 2025 affilieer by Noordwes en SANSSU.

- Die aanlyn Pistool toetse (3) moet ook gedoen word en ‘n suksesvolle sertifikaat moet aan Noordwes deurgegee word. Die rede hiervoor is omdat dit ouer ook die reëls van die skietbaan moet ken.
- Die ouer mag ook ‘n Noordwes skiethemp en drimac aankoop, geen bordering buiten die ouer se naam mag daarop aangebring word nie.

- Daar gaan ‘n proeflopie gedoen word gedurende 2025 se SA Kampioenskappe toer:
  - ❖ As ‘n O/12 skut gekies word om na die SA Kampioenskappe te gaan mag die ouer wat langs hierdie skut sit as assistant saamgaan.
  - ❖ Die ouer sal ook ‘n toerfooi moet betaal wat later bepaal sal word.
  - ❖ Die ouer mag saam met die bus ry indien daar plekke beskikbaar is op die bus.
  - ❖ Die ouer mag van dieselfde akkommodasie gebruik maak maar mag nie saam met sy/haar kind ‘n kamer deel nie. Ouers kan nie toegelaat word om saam in ‘n kinderkamer te slaap nie. Die skut sal nogsteeds saam met die ander toerlede in seuns/dogters kamers slaap.
  - ❖ Die ouers mag dan glad nie inmeng met spanbestuur se pligte nie. Ouers mag nie pligte van bestuurslede oorneem nie.
  - ❖ Ouers het dan nogsteeds die keuse om nie saam te gaan op toer nie maar van eie akkommodasie en vervoer gebruik te maak. Hierdie ouer moet dan net tydens die skietsessies teenwoordig wees om langs die skut te sit.
  - ❖ Ouers gaan ook soos die skuts en spanbestuur dieselfde Toer dokumentasie moet onderteken.
  - ❖ Hierdie is ‘n vergunning vir slegs 2025.
  - ❖ **Hierdie besluit sal jaarliks hersien word.**

KOMPETISIEFOOIE:

- Word as inskrywingsgeld beskou om kostes deur NWSSU te verhaal. Bv. teikens, huur en voorbereiding van lokaal, ens, ens…..
- Word jaarliks vasgestel tydens die AJV.
- 2025 - R175.00 per skut per wedstryd vir geweer en pistool liga’s
- 2025 – R135.00 per skut per wedstryd vir Alternatiewe veerklas
- 2025 – R350.00 per skut vir NWSSU Proewe (sluit braaifunksie in)
- Skole se Inskrywingsvorms MOET VERGESEL WORD deur inskrywingsgeld.
- Indien ‘n skut nie die afsnydatum (soos bepaal deur sy afrigter) nakom nie, word hy nie ingeskryf nie.
- Geen skut mag aan ‘n kompetisie deelneem sonder vorms en fooie nie.
- Geen inskrywingsgelde word terugbetaal indien ‘n skut ‘n kompetisie mis nie – dit word as verbeurd beskou.
- Ope kompetisies gehou deur ander provinsies se fooie word deur die aanbiedende provinsie bepaal, fooie sal deurgegee word sodra dit bekend gemaak is.
- Dit staan enige skut vry om as ’n individu aan hierdie Ope kompetisies te gaan deelneem.

DIE SKIETBAAN:

- Binneshuise skiet oor ’n afstand van 10meter
- Duidelik gemerkte lyn/streep wat die vuurlyn aandui
- Goeie beligting – m.a.w. minimum v. 1000 Lux.
- Teikens word op kartonplank geplak (word voorsien) met maskeerband.

- Koeëlvanger met voorgeskrewe afmetings en wat verstelbaar is vir verskillende hoogtes.
- Elke skut het ‘n lê-spasie van minimum 1m wyd en maksimum 1.25m.
- Skut word voorsien van ’n tafel en ‘n stoel.
- Gassilinders vir hervulling (sporters) moet buite skietlokaal, in veilige area geplaas word.
- Daar moet ’n duidelike gemerkte area wees vir duiksilinders
- Die duiksilinders moet ook in ’n trollie wees wat die kop gedeelte van die silinder beskerm.
- Duiksilinders moet ook op datum wees met hul hydro en visual toetse.
- Tydens wapeninspeksie sal daar ook na die duiksilinders gekyk word, ’n geldige sertifikaat of stempel op die silinder moet beskikbaar wees vir inspeksie.

SKIETKOMPETISIES:

- Liga wedstryde vind plaas op datums soos deur die jaarvergadering bepaal.
- Geweerskuts word toegelaat om enige tyd gedurende die wedstryd onbeperkte proefskote te skiet. 20 telskote per dissipline word geskiet.
- Pistoolskuts ontvang 2 proefteikens waarop daar onbeperkte proefskote kan skiet binne ’n bepaalde tydperk.
- Wedstryd vir geweerskuts bestaan uit 1000 punte (3P (200 lê, 200 staan, 200 kniel) en 10M (400 staan))
- Wedstryd vir pistoolskuts bestaan uit 400 punte

Geweerskuts

3P (3 Posisies)

200 punte – Lê	20 telskote + proewe = 25 minute
200 punte – Staan	20 telskote + proewe = 30 minute
200 punte – Kniel	20 telskote + proewe = 25 minute
600 punte	

10m (Staan)

200 punte – Staan	20 telskote + proewe = 30 minute
200 punte – Staan	20 telskote + proewe = 25 minute
400 punte	

Tussen onderskeie skiethoudings is 5 minute omruiltyd. Na die 3P afdeling is ‘n pouse van 30 minute voordat die 10m staan begin.

Pistoolskuts

400 punte	40 telskote + proewe = 1 uur en 15 minute (2 proef teikens + 8 tel teikens)

Die pistool wedstryd kan plaasvind op “Runners” of op koeëlvangers.

Alternatiewe veerklas – V-visiere

Skiet Kaarte:
Klas 1 = (2 kaarte en 1 proef) 100 Punte
Klas 2 = (2 kaarte en 1 proef) 100 Punte
Klas 3 = (6 kaarte en 3 proef) 300 Punte
Klas 4 = (6 kaarte en 3 proef) 300 Punte

VERSORGING VAN WAPENS:

- Onderhoud op luggewere is minimaal en slegs ‘n paar basiese beginsels moet deur skuts toegepas word om optimale werking te verseker.
- Geen of verkeerde onderhoud kan egter in ‘n nagmerrie verander en kan stabiliteit en akkuraatheid van luggewere beïnvloed.
- Baie belangrik, as skuts nie kennis het van die interne werking of meganismes van luggewere het nie, moenie krap aan die gewere nie, jy krap dit stukkend!
- Onderhou is minimaal, slegs 1 druppel olie op die grendel na elke blikkie patrone
- Aanbeveling – geweer moet minstens jaarliks deur ’n kundige gediens word (waar seeltjies ens. vervang word)
- Die loop moet altyd droog wees, GEEN olie in die loop nie. As riglyn kan skuts na elke 500 skote (blikkie koeëltjies), ‘n droë lappie deurtrek.
- As skuts klaar geskiet het, vee alle metaal dele, spesifiek die gedeeltes wat konstant met die hande aangeraak word af met ‘n lappie wat deurweek is met geweerolie.
- Ook handig wat om te gebruik is “RAM” die sproeiblik – geweerolie. Voorkom dat die metaal dele roes, veral die loop gedeelte.
- Na elke 500 skote (blikkie koeëltjies) maak seker dat die visiere se hegskroewe nog vas is, veral by veergewere waar die terugslag hoog is!
- Moet nie die blikkie met koeëltjies loop en skut nie, dit is ‘n mooi geluid maar verander die vorm van die koeëltjies en beïnvloed akkuraatheid. As koeëltjies val op die grond, gooi dit weg. Dit vergaar stof en sand en verkort die loop se lewensduurte as dit gebruik word!
- Wenk – bogenoemde versorging moet voor elke kompetisie gedoen word.

OEFENINGE:

- Oefen tye word deur elke skool se afrigter bepaal en vasgestel.

NOORDWES – LIGA’S:

- Daar is 6 Liga wedstryde per jaar.
- Wedstryde is verspreid tussen Februarie en Augustus.
- Skuts moet poog om aan soveel as moontlike liga wedstryde deel te neem.
- Na elke wedstryd is daar ’n prysuitdeling, 1ste, 2de en 3de plekke word toegeken vir elke ouderdomsgroep in geweerafdeling, by die pistoolafdeling word die toekenning bepaal deur hoeveel skuts daar ’n in spesifieke ouderdoms groep deelneem

PRESTASIE ERKENNING:

- 1ste, 2de en 3de plek – ontvang medaljes
- Getal prestasie vir geweerskuts –
  Klub 300 (10M)
  Klub 500 (3P)
  Top Gun(gesamentlik telling 850)
  Klub 900 (gesamentlik telling 900)
- Erkenning word gegee vir volkaarte (50/50) en voltellings (100/100)
- Getal prestasie vir pistoolskuts –
  O/12 - Klub 340, Top Gun 380, Klub 900 390
  O/14 - Klub 320, Top Gun 345, Klub 900 375
  O/16 – Klub 295, Top Gun 330, Klub 900 350
  O/21 - Klub 310, Top Gun 330, Klub 900 350
- Top 30 – geweerskuts wat na die Proewe in die Top 30 skuts eindig kwalifiseer vir die Top 30 lapwapen, ongeag ouderdomsgroep.
- Top 5 – pistoolskuts wat na die Proewe in die Top 5 eindig kwalifiseer vir die Top 30 (naam van geweerskuts is behou al is daar slegs ’n top 5) lapwapen, ongeag ouderdomsgroep.
- Trofee’s wat verwerf kan word:
  - Alle geweer ouderdomsgroepe:
  - Hoogste lê, hoogste 3P staan, hoogste kniel
  - 10M seun/dogter
  - Opkomende skut
  - Alle pistool ouderdomsgroepe:
  - Hoogste telling in ouderdomsgroep
  - Kampioenskut (hoogste telling geskiet vir die jaar) in alle geweer/pistool ouderdomsgroepe
  - Noordwes Kampioenskut Geweer en Pistool
  - Noordwes Kampioenskool (deelnemende skool het hoogste telling vir die jaar)

- Getal prestasies vir Alternatiewe veerskuts –

Klas 1: Lapwapen vir lê met ondersteuning	80/100
Klas 2: Lapwapen vir lê sonder ondersteuning	80/100
Klas 3: Lapwapen vir lê sonder ondersteuning	80/100
Lapwapen vir staan met ondersteuning	80/100
Lapwapen vir kniel met ondersteuning	80/100
Klas 4: Lapwapen vir lê sonder ondersteuning	80/100
Lapwapen vir staan sonder ondersteuning	80/100
Lapwapen vir kniel sonder ondersteuning	80/100
Klas 3 en 4: Top Gun gesamentlike telling van	240/300
Klas 3 en 4; NWSSU gesamentlike telling van	260/300

NOORDWES PROEWE:

- Skuts moet aan die proewe deelneem om te kwalifiseer vir die Noordwes skietspan.
- Nie deelname aan die Proewe sal die oggend van die proewe hanteer word, daar moet bewyse (soos doktersbriewe) ingehandig word. Miriete gevalle sal hanteer word. Geen verskoning vir nie deelname aan proewe sal toegestaan word aan dubbelsport kinders nie.
- Die proewe werk op ’n uitnodigings basis, kinders moet kwalifiseer om daaraan deel te neem.
- Slegs skuts wat bereid is om aan die SA Kampioenskappe te gaan deelneem sal na die proewe toe uitgenooi word.
- Ouers moet tydens liga 5 deurgee aan die bestuur as ’n skut nie beskikbaar is vir die SA Kampioenskappe nie.
- Na Liga 6 word die skuts se name bekend gemaak wat na die Proewe uitgenooi word.
- Saam met die uitnodiging sal die toerkostes na SA Kampioenskappe bekend gemaak word om sodoende die ouer bewus te maak van die kostes.
- Die Gedragskode, Dissiplinêre Beleid en Vrywarings vorm moet voltooi en onderteken wees voor die skut toegelaat sal word om aan die Proewe deel te neem.

KWALIFISERING VIR NOORDWES-KLEURE:

Skuts kwalifiseer vir NOORDWES – KLEURE volgens punte-totale

- Daar is in elke ouderdoms groep ’n kwalifiserende telling wat geskiet moet word. Hierdie telling word jaarliks tydens die AJV vasgestel.
- Skuts moet minstens 3 keer gedurende die jaar die kwalifiserinde telling skiet sowel as tydens die proewe (die gesamentlike punt 3P + 10M)
- Die kwalifiserende punt word jaarliks hersien, maar nooit verlaag nie.
- Elke provinsie ontvang jaarliks ‘n kwota van skuts wat hy na SA’s mag neem. Hierdie kwota word bereken op grond van die aantal geaffilieerde skuts van die provinsie.
- Die samestelling van die NWSSU Toerspan word saamgestel deur die persentasie bokant kwalifiserende telling. Hierdie geld vir beide geweer en pistool. Dus kan ’n skut die kwalifiserende telling skiet maar nogsteeds nie in die span opgeneem word nie.

Sporter

- O/14 700/1000 (X3 plus proewe)
- O/16 765/1000 (X3 plus proewe)
- O/21 700/1000 (X3 plus proewe)

Pistool

- O/12 340/400 (X3 plus proewe)
- O/14 330/400 (X3 plus proewe)
- O/16 295/400 (X3 plus proewe)
- O/21 310/400 (X3 plus proewe)

AANKONDIGING VAN NOORDWES-SPANNE:

- Na afloop van die Noordwes Proewe (skut moet deelneem aan finale proewe om te kwalifiseer vir Noordwes-Span wat verpligtend is) word Noordwes-spanne aangekondig.
- Dit vind plaas op grond van die tellings wat die skuts deur die jaar geakkumuleer het. Die proses is uiters deursigtig.
- Indien ‘n skut nie beskikbaar is om aan die SA’s te gaan deelneem nie (komende September/Oktober skoolvakansie) moet die Bestuur ingelig word.
- Indien ’n skut hom of haarself nie beskikbaar stel om Noordwes tydens SA’s te verteenwoordig nie, moet die afrigters dan ook daardie skut van die Finale-proewe onttrek.
- Bogenoemde skuts kom egter wel in aanmerking vir die Liga-posisies en erkennings.
- Alle skuts en ouers moet teenwoordig wees by die aankondiging van spanne.
- Belangrike Administratiewe sake en bestellings van Spandrag word hier gedoen, asook aanpas van klere. Bedrag van Noordwes klere is nie in toerbedrag ingesluit nie, dit is addisioneel.
- Reëlings in verband met die SA’s word hier deurgegee.

SPANBESTUUR NA SA’s:

- Word aangewys deur die Raad.
- Moet geaffilieer wees by die NWSSU en SANSSU.
- Verdien provinsiale kleure.
- Moet span vergesel na SA’s en verantwoordelikheid neem vir skuts.
- Moet ook die gedragskode onderteken

Spanbestuurder

- Verantwoordelikhede voor die toer plaasvind:
  - Administratiewe verpligtinge:
    Uitstuur van voorlopige toerinligting aan ouers
    Uitstuur van alle beleids dokumente, vrywaring en gedragskode (voor proewe)
    Samestelling van lys met toerlede se inligting
    Samestelling van lys met geweer/pistool inligting
    SA inskrywing en betaling
  - Vra kwotasies aan vir:
    Koshuisverblyf
    Busvervoer
    Toersakke
    Toerdag
  - Opstel van toerbegroting en goedkeuring daarvan
  - Bevestiging van kwotasie aanvaarding:
    Bespreek busvervoer tye met busdiens
    Bevestig koshuisverblyf en doen kamerindeling
    Beplan etes en bespreek tye met gasheer
    Reel betaling van deposito
    Bestel toersakke
  - Kleredrag:
    Daar moet ’n passtel vir sportdrag en formele drag beskikbaar gestel word op

Proewe dag vir aanpas van klere
Klerebestelling moet geplaas word by verskaffer
- Opstel van Mediese inligtings dokument:
Mediese inligtings dokument van elke toerlid moet ingevul en onderteken wees
Neem kennis van alle medikasie wat toerlede moet gebruik
Kry nodige voorskrifte vir alle medikasie
Reel noodhulp tassie met basiese benodighede
- Finansies:
Reel betalings vir verskaffers, busdienste en akkommodasie
Maak voorsiening vir daaglikse sakgeld aan toerlede
- Whatsup groepe:
Opstel van groep met ouers vir maklike kommunikasie voor en tydens die toer
Opstel van groep met kinders vir maklike kommunikasie voor en tydens die toer

- Verantwoordelikhede tydens die toer :
  - n Vergadering moet gehou word met spanbestuur en spankapteins aan die begin van die toer
  - Verantwoordelik vir spanpraatjie met die klem op motivering van die skuts.
  - Moet verseker dat alle lede van die spanbestuur op hoogte is van die reëls en regulasies en toesien dat hulle dit nakom.
  - Die spanbestuurder het dissiplinêre bevoegdhede oor die res van die spanbestuur.
  - Tugmaatreëls berus by spanbestuurder tesame met ‘n tugkomitee wat besluit op weerhouding van voorregte ens.
  - Spanbestuurder besit vetoreg en sy beslissing is finaal.
  - Omsien na die welsyn van die res van spanbestuur.

Afrigters

- Moet omsien dat spanlede stiptelik op die regte plek en tyd aanmeld tydens die hele toer.
- Moet omsien na die welsyn van spanlede.
- Verantwoordelik vir die korrekte kleredrag en gedrag van spanlede.
- SANSSU reëls en baanprosedures ken.
- Moet verseker dat sy spanlede op hoogte is van die reëls en regulasies en dat hulle dit nakom.
- Is in volle beheer van hul spanlede vir die duur van kompetisie.
- Moet fisies teenwoordig wees vir die volle duur van die kompetisie ook 30 minute voor die tyd moet met die span byeengekom word asook nasorg na die tyd vir die wegpak van die gewere en uitrusting.
- Toesien dat alle gewere en uitrusting voor die kompetisie nagegaan word.
- Toesien dat alle gewere en uitrusting tydens wisseling en aflossings betyds en volledig by die volgende skietpunt aankom.
- Optree as baanoffisier soos deur die spanbestuurder aangestel. Hulle moet geaffilieerde baanoffisere wees.
- Geen afrigter kan by familie of vriende uitslaap nie.
- Afrigters moet alle etes bywoon.
- Afrigter bly medeverantwoordelik vir sy spanlede se gedrag en optrede.
- Verantwoordelik vir voorbereiding en voltooing van skiet teikens.

- Moet enige ander taak verrig soos deur die spanbestuurder aan hom/haar opgedra.

Chaperone/Dames afrigter

- Verantwoordelik vir die wel en weë van alle dogters.
- Sorg vir nodige mediese ondersteuning vir die hele span – vertroud wees met inhoud van skuts se mediese vorm.
- Op hoogte wees met die spanbestuurder se logistiese en tydreëlings.
- Ag gee aan toepaslike kleredrag van dogters binne voorgeskrewe reëls.

DIE BAANOFFISIER:

- ‘n Baanoffisier is in beheer van alle skiet aktiwiteite op die skietbaan.
- Die opdragte van die baanoffisier in beheer moet altyd gehoorsaam word.
- Baanoffisiere moet alle gewere, wat na die skietbaan gebring word, nagaan om te verseker dat die geweeraksie oop en die geweer ontlaai is.
- Die baanoffisier moet toesien dat baanopdragte, versekering dat deelnemers se posisie en toerusting aan die reëls se vereistes voldoen, herstel van tegniese baanfoute, boetes, ontvangs van besware en die oplos van onreëlmatighede soos steurnisse, boetes, onreëlmatige skote, ekstra tyd toegelaat, ens., plaasvind.
- Baanoffisiere het die reg om enige tyd ‘n deelnemer se posisies of toerusting te ondersoek.
- ‘n Baanoffisier behoort nie die deelnemer te nader terwyl hy ‘n skoot skiet nie.
- Daar moet egter dadelik opgetree word indien dit ‘n veiligheidsrisiko is.
- By groter kompetisies kan ‘n veiligheids-/assistent-baanoffisier aangestel word om die Hoof-baanoffisier by te staan.

JURIE:

- Die Jurie bestaan uit kundige mense wat die reëls van die sport ken.
- Die kompetisie kan ‘n Jurie van 3 lede aanwys om die reëls toe te pas en geskille op te los.
- Een lid van die Jurie word as Voorsitter verkies.
- Jurie-lede moet met al die reëls vertroud wees en ondervinding van kompetisies hê.
- Die Jurie-lede kan kompetisie-beamptes, span-beamptes, ouers of deelnemers wees.
- Die Kompetisie-Direkteur kan ‘n plaasvervanger aanwys indien ‘n Jurie-lid nie meer beskikbaar is nie.
- Besluite deur die Jurie moet op die toepaslike reëls gebaseer wees. Indien daar nie ‘n toepaslike reël is nie, moet besluite in die gees van die reëls geneem word.
- Geskille word deur ‘n meerderheidstem van die Jurie opgelos.
- Appél mag aan die Jurie raad gerig word.
- Appél moet skriftelik aan die Voorsitter deurgegee word, die Voorsitter sal dit dan aan die Jurie deurgee. Die skut/beampte sal dan die kans gegun word om sy/haar kant van die saak te verduidelik.

DISSIPLINE EN TUGVERHOOR:

- Spanbestuur sowel as Skuts onderteken ’n Gedragskode en ’n Dissiplinêre Beleid – neem kennis van die inhoud van die dokumente.
- Skuts bly onderhewig aan Afrigters, Reëls, Baanoffisiere, Spanbestuurder en Gesagsfigure.
- By verbreking van reëls en/of gedragskode sal na ‘n waarskuwing, ‘n dissiplinêre verhoor plaasvind indien nodig, en dit mag lei tot skorsing van skut van die klub/skool/provinsiale skiet en ook nasionale skiet.
- Provinsiale kleure kan verbeur word indien die oortreding van so aard is.
- Skuts bly altyd verteenwoordigers van hul ouerhuise, hul skool, klubs en hul provinsie en moet altyd sodanige goeie gedrag openbaar.
- Ouers wat onbehoorlike gedrag openbaar sal gevra word om die terrein te verlaat.

VERBODE MIDDELS:

- Skuts moet gehoor gee aan die erkende lys van verbode middels en stimulante wat internasionaal op alle atlete van toepassing is.
- Skuts moet sorg neem met, en altyd sy Afrigter op hoogte hou van alle medikasie wat geneem word.
- Skuts (almal is skoliere) mag nie alkohol en/of tabakprodukte gebruik nie.
- Skuts stel hulself bloot aan ‘n tugverhoor en/of skorsing by bogenoemde oortredings.
- Skuts kan enige tyd vir verbode middels getoets word deur professionele en kundige persone getoets word wat deur die Sport Federasie aangestel is vir hierdie doel.
- Skuts mag nie weier om vir bogenoemde getoets te word nie, indien wel sal dit beteken dat hy/sy outomaties geskors sal word. Alle Provinsiale en Nasionale Kleure sal dan verbeur word.
- Daar word nou deur SANSSU ’n dokument voorsien wat elke skut en beampte moet onderteken om toestemming te gee dat toetsing vir verbode middels tydens enige provinsiale liga, ope kompetisie of SANSSU Nasionale kompetisies gedoen kan word. Sonder so ’n toestemmingsbrief sal kinders nie toegelaat word om aan skyfskiet deel te neem nie.

NASIONALE PROEWE – KIES VAN SANSSU TOERSPAN:

- SANSSU poog om jaarliks ‘n internasionale toer te reël, en hiervoor word dan ‘n SANSSU span gekies.
- Die toer vind gewoonlik in skooltyd, mid-jaar, plaas.
- Provinsies reël onderlings wie die Inter provinsiale kompetisies gaan aanbied.
- Skuts word uitgenooi na die proewe nadat die Inter provinsiale tellings beskikbaar gestel is.
- Skuts wat aan die proewe gaan deelneem moet bereid wees om te gaan toer sou so ’n kind in die span opgeneem word.
- Skuts wat aan die proewe gaan deelneem moet ’n geldige Unabridge geboortesertifikaat en ’n geldige paspoort hê. (paspoort moet vir nog 6 maande gelde wees op die vertrekdatum van die toer)
- Skuts neem as individue deel en verantwoordelik vir hul eie koste.

- Getal toerspanlede word jaarliks op die AJV van SANSSU bepaal, ook afhangend van hoeveel uitgenooi word deur die aanbiedende land.
- Toerspan bestaan gewoonlik uit Presisie, Sporter, Veerskuts (sporter) en Pistoolskuts (alleenlik vrystaande).

NASIONALE POSLIGA:

- WKSSV bied jaarliks 'n Nasionale Posliga kompetisie aan. 'n Kompetisie oor die hele land waar skuts en skole inskryf, teikens ontvang en dan plaaslik die kompetisie skiet en voltooide teikens terugpos.
- WKSSV merk dit dan en daar word medaljes en kontantpryse toegeken.
- Dit is die enigste nasionale kompetisie, met uitsondering van die SA'S, WAAR SKUTS HULSELF KAN VERGELYK MET SKUTS LANDWYD.

ALGEMENE JAARVERGADERING EN BESTUURSVERKIESING:

- Die AJV word jaarliks in Oktoer/November gehou.
- Sake van belang word bespreek en beplanning vir die nuwe jaar word gedoen.
- Dienstermyn van bestuurslede is 2 jaar.
- Die AJV kan deur alle geaffilieerde beamptes bygewoon word

DATUMLYS 2025

SPORTERS EN PISTOLE

Datum	Wat gebeur	Wie doen inskrywing	Waar
7 - 8 Februarie	Afrigtings kliniek	Sekretaresse	Sal bevestig word
28 Febr - 1 Maart	Inter Provinsiaal – NGSSA *	Sekretaresse	Zanandi
6 - 8 Maart	Liga 1	Skole	H/s Fochville
14 Maart	Affiliasie 1	Sekretaresse	
10 - 12 April	SANSSU Proewe *	Skut se ouers	Upington
10 – 12 April	Liga 2	Skole	H/s Fochville
8 – 10 Mei	Liga 3	Skole	Potch te Lekwena
9 – 10 Mei	Egoli Ope *	Skut se ouers	Gauteng
22 - 24 Mei	Liga 4	Skole	H/s Volkskool - Lekwena
13 Junie	Affiliasie 2	Sekretaresse	
17 - 19 Julie	NG Ope *(aanbeveel)*	Sekretaresse	Zanandi
24 - 26 Julie	Liga 5	Skole	Potch te Lekwena
31 Julie – 2 Augustus	Liga 6	Skole	H/s Fochville
8 - 9 Augustus	Noordwes Proewe	Skole	H/s Fochville
4 – 10 Oktober	SA Kampioenskappe	Sekretaresse/Tesourier	Castle de Wildt te Nylstroom
30 Okt – 1 November	SANSSU Bosberaad	Sekretaresse/Tesourier	Noord Kaap
8 November	NW AJV	Sekretaresse	H/s Bekker

** Die Inter provinsiaal en SANSSU Proewe is nie verpligtend nie.*

** Die NG Ope word aanbeveel vir skuts wat moontlik SA's toe kan gaan.*

ALTERNATIEWE-VERE

Datum	Wat gebeur	Wie doen inskrywing	Waar
7 - 8 Februarie	Afrigtings kliniek Pistool	Sekretaresse	Sal bevestig word
28 Februarie	Wes-Kaap Posliga uitnodiging	Skole	
7 Maart	Liga 1	Skole	L/s ML Fick
14 Maart	Affiliasie 1	Sekretaresse	
28 Maart	Wes-Kaap inskrywings sluit	Skole	
11 April	Liga 2	Skole	L/s ML Fick
9 Mei	Liga 3	Skole	L/s ML Fick
23 Mei	Liga 4	Skole	L/s ML Fick
13 Junie	Affiliasie 2	Sekretaresse	
21 Junie	Wes-Kaap Posliga eindig	Wes-Kaap	
27 Junie	Wes-Kaap teikens terug in Kaap	Wes-Kaap	
25 Julie	Liga 5	Skole	L/s ML Fick
16 Augustus	Liga 6	Skole	L/s ML Fick
8 November	NW AJV	Sekretaresse	H/s Bekker

Die Wes-Kaap Posliga is 'n verpligte kompetisie vir Alt-veer skuts.

NOORDWES – BANK BESONDERHEDE:

Voorsitter, Tesourier en Sekretaresse het tekenregte.

EFT Transaksies alleenlik!

Skuts en beamptes maak betalings by hulle skole, SLEGS skole mag gedurende die jaar EFT betalings doen aan Noordwes (groepsbetaling vir skool). Slegs Noordwes Spanlede (wat verkies is tydens proewe) kan direk eft betalings aan Noordwes doen.

Gebruik volgende gegewens:

NWSSU
FNBBank
Rekeningnommer: 62256637946
Taknommer: 250437

VEILIGHEIDS ASPEKTE:

- Kompetisie venue:
  - Rooi vlae moet by die in en uitgang van die sale aangebring word. Dit moet duidelik sigbaar wees dat dit 'n risiko area is waar daar met wapens gewerk word.
  - Duidelike afgemerkte area vir die duiksilinders moet voorsien word
  - Vensters moet toegemaak (toegeplak) word, waar dit by 'n looparea is moet dit met hout (press wood) toegemaak word
  - Ingangs deure moet van binne die saal gesluit word en slegs met omruil tye oopgemaak word

- Gewere en pistole:

- BAIE BELANGRIK dat veiligheidskoorde ten alle tye in die lope moet wees. Veiligheidskoorde moet van helder weedeaterlyn wees sodat dit maklik sigbaar is
- GEEN geweer of pistool mag hanteer word voordat die baanoffisier nie die nodige toestemming daarvoor gee nie.
- Lope van gewere en pistole moet altyd in ’n veilige rigting gerig word. ALTYD na die koeëlvanger se rigting.
- GEEN geweer of pistool mag hoegenaamd uit die tas gehaal word binne of buite die skietsaal alvorens die baanoffisier nie toestemming gee nie
- GEEN geweer of pistool mag in die rigting van ’n ander skut/beampte/ondersteuners se rigting gedraai word nie. Sou dit gebeur kan dit lei tot onmiddelike diskwalifikasie

PROSEDURE BY ’N FINAAL:

Sien die nuwe reël i.v.m. die skiet van die finaal in die nuuste uitgawe van :-

SANSSU DRIE POSISIE REËLS EN SKIETTOESTANDE	**USA AND SANSSU RULES 2020 FINAL**
31 Januarie 2020 (v 1)	27 Januarie 2020 (rev 1)

SNOEPIE TYDENS KOMPETISIES:

- Skole wat die liga wedstryde aanbied reel gewoonlik vir ‘n snoepie

VERBODE!!!:

- Geen selfone, ipod’s, gehoorapparate vir musiek, oorfone op skietpunt nie.
- Geen fotografie met ‘n flits.
- Geen kontak tussen skuts, ouers en afrigters.
- Geen gebare, verbale kommunikasie tydens kompetisie.
- Geen geraas deur ouers of toeskouers.
- Geen selfoon van ouers, toeskouers of afrigter mag lui langs skietpunt nie.
- Geen wapen hanteer sonder veiligheidskoord. (behalwe tydens werklike kompetisie tyd)
- Geen afrigting tydens kompetisie – behalwe in tyd daarvoor toegelaat.

NOORDWES REKORDS:

Hierdie rekords kan slegs gedurende Noordwes kompetisies opgestel en verbeter word. Geen buite kompetisies se tellings sal gebruik word nie aangesien die kompetisie formaat verskil van kompetisies wat Noordwes aanbied.

2007	Sporterklas	3P	André Kruger	560/600
2008	Sporterklas	10M	Wikus du Toit	356/400
2008	Sporterklas	10M	Marike du Toit	335/400
2009	Sporterklas	3P	Wikus du Toit	566/600
2010	Sporterklas	10M	Marike du Toit	336/400
2011	Sporterklas	10M	Dominic de Mesquita	350/400
2012	Sporterklas	3P	Dominic de Mesquita	566/400

2012	Sporterklas	10M	Dominic de Mesquita	363/400
2013	Sporterklas	3P	Dominic de Mesquita	566/600
2013	Sporterklas	10M	Dominic de Mesquita	366/400
2014	Sporterklas	10M	Ané Aucamp	356/400
2014	Sporterklas	3P	Christiaan Strydom	504/600
2014	Sporterklas	10M	Christiaan Strydom	319/400
2014	Sporterklas	10M	Sonja Visser	303/400
2015	Sporterklas	10M	Ané Aucamp	365/400
2015	Sporterklas	10M	Desirie du Toit	317/400
2016	PPP O/14		Michael Steyn	353/400
2016	PPP O/14		Erwee Mostert	368/400
2016	PPP O/12		Marnes jv Rensburg	370/400
2016	PPP O/12		Marnes jv Rensburg	372/400
2017	Sporterklas	10M	Phillip Cloete	368/400
2018	Sporterklas	10M	Matthew Edwards	325/400
2018	Sporterklas	10M	Alex Kriel	336/400
2018	PPP O/12		Brendon de Bruin	395/400
2018	PPP O/21 Vrystaande		Paul van Bosch	360/400
2019	Sporterklas	3P	Shani Nel	527/600
2019	Sporterklas	10M	Nadine Nel	361/400
2019	PPP O/21		Paul van Bosch	365/400
2019	PPP O/21		Erwee Mostert	370/400
2021	PPP O/12		Mia Harman	391/400
2021	PPP O/21 Vrystaande		Paul van Bosch	374/400
2022	PPP O/12		Mia Harman	395/400
2024	PPP O/12		Mieke van der Walt	397/400
2024	PPP O/16 Vrystaande		Ané Gerber	343/400

ERE ROL (SANSSU Kleure):

2006	André Kruger	Wolmaranstad
2007	André Kruger	Wolmaranstad
2007	Wikus du Toit	Fochville
2009	Johan Swanepoel	Gimnasium
2009	Armandt Combrinck	Gimnasium
2011	Dominic de Mesquita	Fochville
2012	Dominic de Mesquita	Fochville
2012	Louis Botha	Gimnasium
2012	Barend du Plessis	Gimnasium
2013	Dominic de Mesquita	Fochville
2013	Barend du Plessis	Gimnasium
2014	Dominic de Mesquita	Fochville
2014	Ané Aucamp	Gimnasium
2015	Ané Aucamp	Gimnasium
2016	Brendon de Bruin	Fochville
2016	Erwee Mostert	Volkskool
2017	Erwee Mostert	Volkskool
2017	Christiaan Strydom	Fochville
2017	Phillip Cloete	Fochville
2018	Phillip Cloete	Fochville

2018	Hermé Nel	Gimnasium
2018	Erwee Mostert	Volkskool
2018	Paul van Bosch	Volkskool
2018	Henri-neil Holtzhausen	Zeerust
2019	Erwee Mostert	Volkskool
2019	Paul van Bosch	Volkskool
2019	Matthew Edwards	Ferdinand Postma
2019	Anru Erasmus	Volkskool
2021	Paul van Bosch	Volkskool
2021	Erwee Mostert	Volkskool
2022	Shani Nel	Volkskool

AFRIGTERS (SANSSU):

2012 Charmaine du Toit (BJI)
2014 Victor du Toit (BJI)

SPANBESTUURDER (SANSSU):

2014 Johan Benson (BJI)
2015 Charmaine du Toit (BJI)
2019 Victor du Toit (BJI)

SANSSU UK Lede:

2012-2014 Charmaine du Toit (Klere, Trofeë en Toekennings)
2014-2016 Charmaine du Toit (Klere, Trofeë en Toekennings, Vise President SANSSU)
2014-2016 Victor du Toit (Tesourier)
2016-2018 Charmaine du Toit (Klere, Trofeë en Toekennings, Vise President SANSSU)
2016-2018 Victor du Toit (Tesourier)
2019-2021 Charmaine du Toit (Klere, Trofeë en Toekennings)
2019-2021 Victor du Toit (Tesourier)
2020-2020 Johan Benson (Wetlike Aspekte ens – ko-opteerde lid)
2022-2023 Joggie Swanepoel (Wetlike Aspekte)
2024-2025 Joggie Swanepoel (Wetlike Aspekte, Vise President SANSSU)